Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 3 Desember 2017 Jr. 6 Nr. 47
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

½ + ½ = 2

Die geheel is meer as die som van die dele

Die meeste van ons wil graag heel mense wees. Ons besef egter dat ons nooit heeltemal heel is nie – eintlik gebrokenes in die teenwoordigheid van 'n heel God. Die pad van heelwording is 'n lewenslange dissipelskap pad saam met die Here. Gelukkig stap ons nie hierdie pad alleen nie. Ons is deel van 'n geloofsgemeenskap waar ons bereid is om mekaar se laste te dra (Galasiërs 6:2).

In Galasiërs 6 en 1 Timoteus 4 vind ons 'n paar riglyne wat ons help op hierdie pad van heelwording. Ons moet nee sê vir versoekinge en allerlei onheilige en sinlose redenasies (Gal 6:1; 1 Tim 4:7a). Ons moet onsself voed met die woorde van die geloof (1 Tim 4:6). Ons word ook opgeroep om te oefen in toewyding aan die Here (1 Tim 4b-8). Vandag is die laaste Sondag in ons reeks "Nes ons is…". Tydens die afgelope reeks het ons gefokus op talle van hierdie oefeninge of ritmes van die Jesus lewe. Van die manier hoe ons "connect" met die Here tot die dien van die Here met ons unieke gawes. Is jy bereid om hierdie lewenslange pad van heelwording saam met die Here en saam met mekaar te stap?

Sondag 3 Desember

½ + ½ = 2
Gal 6:1-5 en 1 Tim 4:6-9

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek (doop)	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel (doop)	Danie O'Kennedy
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofgem (afsluiting)	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Kerssangdiens

Deurkollekte: Gemeente

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - pU=UtRe5

Kerssangdiens vanaand om 19:00, kom vroegtydig om 'n sitplek te kry en vooraf saam te sing.

Sondag 10 Desember

Soos 'n Herder versorg die Here sy kudde
2 Petrus 3:8-15a

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Lizette Louw
Geen Jeugaktiwiteite	
Geen Hoop Geloofsgem	
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - benodig behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Johan en Engela Krüger - herstel
Rinie Victor - herstel
Albert Strever - herstel
Christoff Cronje - rugoperasie
Daniel Benade - hartklep Operasie
Toy Verster - operasie

Rou:
Nick Stickling - oorlede, ons dink aan sy familie

Sukkel jy om te hoor tydens die diens?

Stuur sommer dadelik vir Tiaan 'n Whatsapp na 081 300 4343 en in watter area jy sit.

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Wat gebeur die week:

Dinsdag 5 Desember

06:00	Gesels en bid vir ons land - Tent
08:45	Helderberg Seniorklub

Kerssangdiens om 19:00 vanaand, 3 Desember Nooi vriende en familie saam vir die feestelike geleentheid.

Die volgende ouerpare doop op 3 Desember

Klassieke diens:
Jaco & Nicolene Myburg met Bianca

Informele diens:
Muller & Lindi Burger met Leah
Kevin & Olga Layton met Keagan John
Emile & Mariane Smith met Luca
Gert & Lizl Visser met Gerrit Jacobus

Hoop Geloofsgemeenskap vier 1'ste jaar

Hoop Geloofsgemeenskap sluit vandag (3 Desember) 'n eerste jaar van byeenkomste af in die Curro Sitari skoolsaal.

Die nuwe gemeenskap hou 'n nagmaalsfees en piekniek. Volgens Danie Möller kyk hulle met groot dankbaarheid terug na 'n opwindende en baanbrekerjaar. 'n Eerste leierspan is onlangs bevestig en ons sien met groot afwagting uit na 2018.

As jy weet van mense wat in die omgewing van Curro Sitari intrek, vertel vir hulle van Hoop Geloofsgemeenskap. Die Sondagbyeenkomste hervat weer op 21 Januarie 2018. Kontak Edwin Anderssen 082 4901599 of kantoor.hope@gmail.com

Helderberg Beradingsentrum

Neem asseblief kennis dat die Helderberg Beradingsentrum gaan gesluit wees vanaf **15 Desember tot 3 Januarie.**
Vir enige krisisse skakel asb Helderberg Gemeente se noodnommer op 083 988 2003.
Kontak vir Meagin by die kerkkantoor vir enige navrae in die verband.

Helderberg Seniorklub

Byeenkoms op Dinsdag, 5 Desember om 08:45 vir 09:30 in die kerk.
Dis amper Kersfees en ons bied die oggend 'n kersprogram aan.
Besoekers welkom: R20 en dit sluit tee en verversings in.
Kontak vir Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

Die engel sprei haar vlerke

Almal wat met Kobie Groenewald te doen het, getuig van haar liefdevolle deernis en die manier waarop sy die Dienssentrum as ‘n bediening bestuur. Die woord “engel” word vrylik gebruik.

Kobie het in 2013 as vrywilliger by die Dienssentrum begin werk en het in 2014 die leisels daar oorgeneem. Sy lig enkele hoogtepunte van die afgelope drie jaar uit:

- Sy sê sy was ‘n stukkende mens toe sy by die Dienssentrum begin werk het, vanweë persoonlike verliese en siekte in die familie. Die Dienssentrum het vir haar heling gebring. “Ek het baie meer geestelike seën beleef as wat ek en die span ooit kon uitdeel”.
- “Mense is op aarde gesit om om te gee vir mekaar, as elkeen net ‘n bietjie wil omgee, sal dit ‘n groot verskil maak. Die Dienssentrum is die vlammetjie waar liefde en omgee gedy en ‘n getuienis in die gemeenskap is”.
- Kobie het in die paar jaar soveel liefde ontvang en vriendskappe gemaak en sy weet sy gaan dit nooit verloor nie.

Kobie en haar man, De Wet, gaan nou aftree op Baardskeerdersbos. Dit sal seker nie lank wees voordat sy in daardie gemeenskap begin woel nie.

Baie dankie vir jou onbaatsugtige diens Kobie! Helderberg Uitreik en Helderberg Gemeente gaan jou ontsettend baie mis!

Kobie (regs op die foto) spreek haar dank uit teenoor almal wat die Dienssentrum so mooi ondersteun en weet dit sal voortgaan met haar opvolger, Yolande Kennedy (links op die foto) aan die stuur van sake.

STOP’IT: Die beskerming en versorging van Vroue en Kinders is elkeen se eie verantwoordelikheid voor God.

Uyavula leesprojek kan net sê: Dankie, dankie



'n Hartlike dankie aan elkeen wat deur voorbidding, finansiële bydraes, donasies/skenkings en ondersteuning hulle hande uitgesteek het om só Uyavula in staat te stel om liefde en leeslekkerte in 818 kinders se lewens in te dra.

Ons is baie dankbaar dat die Hemelse Vader kosbare mans, dames en tieners beskikbaar gemaak het om weekliks met soveel liefde en passie heerlike storievreugde in die klaskamers en by die leesklubs te verskaf. Hy is getrou; aan Hom dank en eer!

Helderberg UITREIK

Pelgrimstog van Hoop

Van die hoogtepunte was die ontmoetings met 'n groot verskeidenheid van mense langs die pad en die ervaring van die natuurskoon van God se skepping.

Hugo Beukes, Evan Marais, Lizanne van Zyl, Rinus Beukes en Charl van den Berg het verlede week saam met Danie Möller die bergfiets Pelgrimstog van Hoop onderneem van Somerset-Wes tot by die suidpunt van Afrika, by Agulhas.

Die praatjie van Brad Huddleston gaan oor die gebalanseerde gebruik van tegnologie, gevare van sosiale media, rekenaar-speletjies en oplossings vir ouerskap in 'n digitale era.

Brad Huddleston sal ook op Dinsdag 5 Desember om 19:00 'n ouerpraatjie doen by De Hoop Laerskool – almal is welkom.

Loop saam - Pêrelprojek

Kom maak 'n verskil en sluit aan as vrywilliger by die Pêrelprojekspan in 2018

Ons benodig mense vir :

- Die ondersteuning van ons crèche-juffrouens met hulle programme. Ongeveer 6 ure per week.
- **Finansiële administrasie** van die projek. Ongeveer 2 ure per week
- Die **ontwikkeling van verskeie handvaardigdede** vir skoolgaande kinders. Ongeveer 2 ure per week per groep.
- **Maandeliks voedselaankope** vir ons crèches**.** Ongeveer 4 ure per maand.

Kontak asb vir Maria Kirsten: 082 703 3742 of Frederike van Schalkwyk 076 177 6256

Projek vir Gestremdes benodig:

Die Jonathan Huis vir volwasse gestremdes in Van der Stel versorg tans ses volwassenes met intellektuele gestremdhede op 'n voltydse basis. Hulle het die volgende dringende behoeftes:

- Waaiers vir die somer, aangesien daar tans net een waaier in die huis is.
- Iemand wat kan help om 'n groot reënwatertenk te installeer.
- 'n Grassnyer of "weed eater" aangesien hulle grassnyer afgetree het.
- Kersgeskenke vir die inwoners.
- Waterdigting vir die lekkende dak

Indien enige iemand betrokke wil raak of meer inligting benodig kontak vir Annatjie van Niekerk by 073 191 6277

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*